Sport en Oefenkunde

Praktiese Assesseringstaak (PAT)
Graad 12 – 2020

Assesseringsrubriek

IEB Copyright © 2020

TAAKKOMPONENT	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
	5 punte	**4 punte**	**2–3 punte**	**0–1 punt**
Plan van aksie **(5 punte)**	'n Gedetailleerde, uitvoerbare plan is verskaf wat duidelik die metodologie wat gevolg gaan word, uiteensit: wat gedoen gaan word, deur wie, wanneer, waar en hoe.	'n Plan is verskaf wat duidelik die metodologie wat gevolg gaan word, uiteensit met 'n paar geringe leemtes.	'n Plan is verskaf wat die metodologie uiteensit wat gevolg gaan word, maar 'n paar belangrike besonderhede ontbreek en/of het betwyfelbare tydraamwerke.	Geen plan nie of 'n onvoltooide plan wat onduidelik is, is verskaf.
	5 punte	**4 punte**	**2–3 punte**	**0–1 punt**
Inligtinginsameling **(5 punte)** <u>Vraelys:</u> • geskikte uitleg • duidelike verduideliking en instruksies aan atlete verskaf • relevante, toepaslike en ondubbelsinnige vrae • logiese volgorde • verskillende vraagtegnieke is gebruik	Die vraelys voldoen aan al die kriteria. Daar is geen leemtes in die besonderhede nie. 'n Opname is akkuraat uitgevoer.	Die vraelys voldoen aan byna al die kriteria. Daar is moontlik 'n paar geringe leemtes in die besonderhede. 'n Opname is akkuraat uitgevoer.	Die vraelys voldoen nie aan baie van die kriteria nie. 'n Gedeeltelike opname is uitgevoer.	Die vraelys is ongeldig, aangesien dit nie aan die meeste van die kriteria voldoen nie. 'n Gedeeltelike opname is uitgevoer. OF Die opname is nie betroubaar nie.
	5 punte	**4 punte**	**2–3 punte**	**0–1 punt**
Dataontleding **(5 × 3 = 15 punte)** (5 punte vir elke gekose atleet)	Die drie gekose atlete se data is omvattend ontleed en geïnterpreteer, enige probleme is duidelik en akkuraat geïdentifiseer.	Die drie gekose atlete se data is ontleed en geïnterpreteer, enige probleme is geïdentifiseer. Daar is geringe leemtes/weglatings.	Die drie gekose atlete se data is ontleed en geïnterpreteer, enige probleme is geïdentifiseer. Daar is belangrike leemtes/weglatings.	Interpretasie van data is ongeldig of nie duidelik nie. Dit is grootliks onvolledig of baie onakkuraat.

IEB Copyright © 2020

	5 punte	4 punte	2–3 punte	0–1 punt
Basislyntoetse **(5 × 2 = 10 punte)** <u>Kriteria:</u> • geskikte hand-oog- of voet-oogtoets en basiese oogtoets is gebruik • korrekte verduideliking en/of demonstrasie aan atlete verskaf • deeglike kennis van toetsprosedure • logiese werkvolgorde • professionaliteit • doeltreffende tydsbestuur • geskikte gebruik van toerusting (indien van toepassing)	Daar is ten volle aan al die kriteria voldoen. Duidelike motivering vir gekose toetse) verskaf. Bewys van toetse wat verskaf is, is volledig en gedetailleerd.	Daar is aan die meeste van die kriteria voldoen. Duidelike motivering vir gekose toetse) is verskaf. Bewys van toetse wat verskaf is, is volledig en gedetailleerd.	Daar is aan sommige van die kriteria voldoen. Motivering vir gekose toetse) is verskaf. Bewys van toetse is verskaf, maar onvolledig.	Daar is aan 'n paar of geen van die kriteria voldoen nie. Beredenering vir toetse) nie verskaf nie. OF Beredenering vir toetse) verskaf, maar ongeldig. Min of geen bewys van toetse is verskaf nie of bewys is onduidelik.
	5 punte	**4 punte**	**2–3 punte**	**0–1 punt**
Ontwerp visuele oefenprogramme **(5 × 3 = 15 punte)** (5 punte vir elke oefenprogram) <u>Kriteria vir oefenprogram:</u> • geskik vir atleet (volgens vraelys) • geskik vir atleet se sport • atleet se vlak van bevoegdheid in aanmerking geneem • enige beserings/swak punte in aanmerking geneem • komende kompetisies/ byeenkomste in aanmerking geneem • gepas vir visieprobleme wat die atleet het	Oefenprogram voldoen aan al die kriteria.	Daar word aan een kriterium in die oefenprogram nie voldoen nie.	Daar word aan twee of drie kriteria in die oefenprogram voldoen nie.	Daar word aan vier of meer van die kriteria in die oefenprogram nie voldoen nie.

IEB Copyright © 2020

	5 punte	**4 punte**	**2–3 punte**	**0–1 punt**
Skep 'n dagboek **(5 punte)**	Die formaat van die dagboek bevat alle relevante inligting en is gebruikersvriendelik. Drie voltooide dagboeke is verskaf.	Die formaat van die dagboek is effens gebrekkig rakende vereiste inligting of wat sy ontwerp betref. Drie voltooide dagboeke is verskaf.	Die formaat van die dagboek is gebrekkig, óf wat die vereiste inligting óf die ontwerp betref. OF Al drie dagboeke is nie volledig nie.	Ontwerp van die dagboek is swak. OF Al drie dagboeke is nie volledig nie of nie verskaf nie.
	5 punte	**4 punte**	**2–3 punte**	**0–1 punt**
Na-programtoetse **(5 punte)** <u>Kriteria:</u> • identiese toetse) vir elke atleet gebruik • identiese toetsprosedure is gebruik • korrekte verduideliking en/of demonstrasie aan atlete verskaf • logiese werkvolgorde • professionaliteit • doeltreffende tydsbestuur • geskikte gebruik van toerusting (indien van toepassing)	Daar is ten volle aan al die kriteria voldoen. Bewys van toetse wat verskaf is, is volledig en gedetailleerd.	Daar is aan die meeste van die kriteria voldoen. Bewys van toetse wat verskaf is, is volledig en gedetailleerd.	Daar is aan sommige van die kriteria nie voldoen nie. Bewys van toetse is verskaf, maar onvolledig.	Daar is aan min of geen van die kriteria voldoen nie. Min of geen bewys van toetse is verskaf nie of bewys is onduidelik.

IEB Copyright © 2020

	5 punte	4 punte	2–3 punte	0–1 punt
Ontwerp van nadenkevraelys **(5 punte)** <u>Kriteria:</u> • formaat en uitleg • relevante, geskikte en ondubbelsinnige vrae • logiese volgorde • verskillende vrategnieke is gebruik <u>Vrae moet die volgende insluit:</u> • algehele gerief van oefenprogram • algehele aantreklikheid van oefenprogram • beoordeling van oefenprogram • voorstelle om oefenprogram te verbeter	Die ontwerp van die vraelys voldoen aan al die kriteria. Daar is moontlik 'n paar geringe leemtes in die besonderhede. Drie voltooide vraelyste is verskaf.	Die ontwerp van die vraelys voldoen aan die meeste van die kriteria. Drie voltooide vraelyste is verskaf.	Die ontwerp voldoen nie aan baie van die kriteria nie. Gedeeltelike opnames is verskaf.	Die vraelys is ongeldig, aangesien dit nie aan die meeste van die kriteria voldoen nie. OF Die vraelyste is nie betroubaar nie. Drie opnames is nie voltooi nie of nie verskaf nie.
	5 punte	**4 punte**	**2–3 punte**	**0–1 punt**
Dataontleding **(10 punte)**	'n Omvattende ontleding en interpretasie van al die data wat ingesamel is, is verskaf.	'n Ontleding en interpretasie van die data is verskaf met geringe leemtes/weglatings.	'n Ontleding en interpretasie van die data is verskaf, maar daar is gapings en gebreke.	Daar is 'n poging om die data te ontleed en interpreteer, maar dit is grootliks onvolledig of baie onakkuraat.
	5 punte	**4 punte**	**2–3 punte**	**0–1 punt**
Evaluasie van oefenprogramme **(5 × 2 = 10 punte)**	'n Omvattende en objektiewe evaluasie van die doeltreffendheid van die oefenprogramme is verskaf.	'n Evaluasie van die doeltreffendheid van die oefenprogramme is verskaf, met geringe leemtes/weglatings.	'n Evaluasie van die doeltreffendheid van die oefenprogramme is verskaf, maar daar is belangrike leemtes en/of weglatings.	Daar is 'n poging om die doeltreffendheid van die oefenprogramme te evalueer, maar dit is kort en/of onakkuraat.

IEB Copyright © 2020

	5 punte	4 punte	2–3 punte	0–1 punt
Gevolgtrekking **(5 × 2 = 10 punte)**	'n Bondige gevolgtrekking is verskaf wat regstreeks met die onderwerp verband hou en bring die inligting wat ingesamel is en die finale uitslae met mekaar in verband. Sterk punte van die proses is geïdentifiseer, beperkings is erken en aanbevelings vir verbetering is gedoen.	'n Goeie gevolgtrekking is verskaf, maar dit het geringe leemtes rakende die detail of is nie bondig nie.	'n Gevolgtrekking is verskaf, maar detail en/of fokus ontbreek.	'n Poging om 'n gevolgtrekking te verskaf, maar dit is vaag, irrelevant of onvolledig. OF Geen poging tot 'n gevolgtrekking nie.
	5 punte	**4 punte**	**2–3 punte**	**0–1 punt**
Organisasie en uitleg **(5 punte)** <u>Kriteria:</u> • alle fases is ingesluit • getik • fonttipe – Arial • fontgrootte – 12 • opskrifte – fontgrootte 14 • teks is geredigeer vir spelling en grammatika • verwysings in erkende formaat verskaf • toestemmingsbriewe by bylaag ingesluit • alle voltooide vraelyste by bylaag ingesluit	Daar is aan al die kriteria voldoen. Uitstekende aanbieding.	Daar is aan byna al die kriteria voldoen. Geringe leemtes.	Daar is aan sommige kriteria voldoen. Groot leemtes.	Ongeorganiseerd, aan minimale kriteria voldoen.

IEB Copyright © 2020